**9 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: GENESIS 2:4-25**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 2:23**

## ’n Lewensmaat soos ek!

In Genesis 1, die beskrywing van die ongelooflike skepping van die aarde en alles daarop, kom een sinsnede meermale voor. Elke dag as die Here die werk van daardie dag voltooi het, staan Hy as’t ware terug en bekyk Hy die werk van sy hande. Elke keer staan daar (byvoorbeeld vs. 10, 12, 18): “En God het gesien dit is goed.”

In Genesis 2 maak die Here die mens, anders as enigiets wat die Here gemaak het, maar tog word die mens saam met die diere in die tuin geplaas om dit te bewoon en te bewerk en om die vrugte van God se volmaakte werk te geniet. Dan sien die Here iets raak in sy skepping wat nie goed is nie, naamlik dat die mens eensaam is, dat daar niemand in die skepping is wat by hom pas nie. Adam se verblyf in die tuin, met al die pragtige plante en diere, is nie goed genoeg nie. Ook nie sy sondelose en openlike verkeer met die Here is vir Adam genoeg nie. God sien dit self raak. Iets ontbreek – ja, Adam kort ’n lewensmaat wat by hom pas.

Toe maak die Here vir hom ’n maat, ’n vrou wat by hom pas, en dan sien die Here dat alles goed is, eers dan! Die verhouding tussen man en vrou word die intiemste van alle menslike verhoudinge, sodat Paulus selfs die verhouding tussen Christus en sy gemeente daarmee vergelyk.

Hoe heerlik is dit nie om ’n lewensmaat te hê wat by jou pas nie! God wil dat ons almal huweliksvreugde moet ken en geniet, saam met ‘n lewensmaat wat by ons pas.

*Dr Marius Aucamp (Durban)*